


Die Penniefluitjie



Liewe Maats,

Ons hoop julle is nou al by die skool ingeburger in al die nuwe dinge wat julle moet leer en al die nuwe aktiwiteite wat aangepak moet word.

As dit voel asof julle te veel goed het om aan aandag te gee en dat dit nie moontlik is om deur die jaar te kom nie, soek die volgende Bybelversies op en plak dit iewers waar jy dit kan sien as jy moedeloos is:

- Lukas 18:27
- Filippense 4:13
- Spreuke 3:5-6

Hierdie maand het ons vir julle weer 'n paar interessante artikels en die beste van alles — 'n storie! Ons hoop julle geniet **Die Penniefluitjie** en sien sommer uit na elke volgende uitgawe!

Groete in Jesus
Tannie Lita

Die leeu wat sonder aandete moes bly...

Julle weet mos dat leeus eintlik roofdiere is wat in die nag vir hulle kos moet jag. Dis gewoonlik die wyfieleeus wat saamwerk om die prooi te vang, maar dan kry die mannetjies heel eerste kans om te eet.


Nou ja, Lukas was 'n jong leeumannetjie wat saam met 'n paar ander leeu-vriende in 'n ver land gebly het. In die dag het die klompie onder een van die groot mosterdbome gelê en slaap en snags het hulle gekyk waar hulle 'n lekker vet ribbok kon vang.

Een oggend toe hulle lekker dikgevreet onder die boom lê en slaap, kom daar 'n wa verby met 'n paar soldate. Voordat Lukas en sy vriende nog kon beweeg, is daar 'n net oor hulle gegooi en hulle is gevange geneem. Die soldate het hulle agter die wa aan gesleep en na 'n rukkie is hulle in 'n diep donker gat gegooi.

Lukas wou nog probeer uitklim, maar die kante van die diep donker gat was hopeloos te glad. Hy het eers saam met sy vriende 'n plan probeer maak om bo-op mekaar te probeer klouter, maar dit het nie gewerk nie. Om alles te kroon, skuif die soldate toe 'n groot klip bo-oor die gat! Nou was daar geen ontsnaphans nie! Dit was pikdonker en die paar jong leeus het bymekaar gaan lê — hulle was maar bietjie bang, dink ek!

Skielik hoor hulle 'n geskuiwel aan die anderkant van die gat. “Wie’s daar?” vra Lukas benoud. “Dis ons, Louis en Lolla”, antwoord 'n growwe stem en toe sien hulle twee ander leeus opstaan. “Watse plek is dit hierdie?” vra Lukas vir hulle. “Dis ‘n

Die Penniefluitjie



gat wat die koning gebruik om ongehoorsame mense in te gooi, antwoord Louis. “Maar dis baie diep en hoe gaan ons weer hier uitkom?” “Van weer uitkom weet ons nie, maar dis glad nie so sleg nie. Hier word elke dag of wat iemand ingegooi en ons hoef nie meer vir ons kos te jag nie,” antwoord Lolla.

Maar vir twee dae lank gebeur daar niks en Lukas-hulle kom agter dat almal se mae kliphard grom. “Hier gaan ons sowaar dood van die honger”, kla Lukas. Nog voordat een van sy vriende kan antwoord, hoor hulle die soldate bokant die gat gesels. “Ja”, sê een van hulle, “ek hoor hulle het Daniël gevang, omdat hy soos gewoonlik vanoggend voor sy venster openlik tot die God van die Israeliete gebid het.” En ‘n ander soldaat antwoord: “Dit sal die mannetjie leer om aan Koning Darius gehoorsaam te wees! As die koning ‘n wet gemaak het, moet almal dit gehoorsaam.”

Lukas het nie dadelik geweet waarom hulle praat nie, maar dit was nie lank daarna nie, toe hoor hy ‘n klomp mense skreeu en trompette wat blaas. Dadelik sê Louis: “Hoor daardie geraas; hulle bring uiteindelik nou vir ons kos. Onthou nou julle wyfies, ek en Lukas mag eerste eet, maar julle moet eers die prooi doodbyt!”

Net toe word die klip bo-oor die opening van die gat weggeskuif en die son skyn reg van bo af in. Dit was middag. Lukas sien hoedat die soldate ‘n jong man met ‘n netjiese linnekleed aan, vorentoe stamp. Sonder om hom kans te gee om iets te sê, word die toue om sy hande losgemaak en gooi hulle hom in die gat en skuif vinnig die klip weer bo-oor die opening.

Die man val met ‘n harde plof tussen die klomp leeus en die wyfies maak hulle gereed om bo-op hom te spring, maar skielik is daar ‘n helder lig in die gat en nie

een van die leeus kan beweeg nie! Verbaas kyk hulle na mekaar. Daar langs die man wat op die grond lê, staan nog een met wit klere aan en die lig skyn rondom hom. Hy buk, help die man op die grond regop en sê: “Toemaar, Daniël, God het my gestuur om die leeus se bekke te sluit en hulle sal jou niks aandoen nie. Kom sit hier met jou rug teen die kant en ontspan.”

Die man wat Daniël genoem word, staan op en gaan sit saam met die ander een met die wit klere teen die kant van die gat. “Miskien moet ons die leeus vertel wat aangaan”, sê die man met die wit klere aan.


“Lukas, Louis, Lolla en julle ander, julle kan nou ook hier by ons kom sit, sodat ek en Daniël met julle kan gesels.”

Die leeus kom agter dat hulle nou kan beweeg. Hulle loop voetjie-vir-voetjie nader en gaan lê almal bymekaar voor die twee mans. Toe vertel Daniël vir hulle wat gebeur het.

“Julle weet, ek en drie van my vriende is saam met die ander Israeliete na hierdie land gebring en het vir ‘n lang tyd in die koning se paleis gewoon waar ons onderrig gekry het in al die wette van hierdie land. Die Israeliete het ‘n lang geskiedenis en ons glo dat daar net een ware God is wat ons mag aanbid.”

“Dit was nog altyd my gewoonte om drie maal per dag voor my kamervenster te kniel en God te aanbid. Koning Darius het ‘n wet uitgevaardig wat sê dat niemand voor iemand anders mag buig, behalwe voor hom nie en toe ek vanoggend weer gaan bid, toe word ek gevang en hierheen gebring. Maar die God wat ek aanbid, is wonderlik en getrou en daar is nog werk wat ek vir Hom moet doen. Dit is hoekom hy hierdie man, ‘n engel, gestuur het om my te beskerm.”

Die Penniefluitjie



“Ja,” se die engel. “~~julle gaan wet vanaand sonder~~ kos slaap, want God het my gestuur om self jul bekke toe te sluit, sodat julle nie vir Daniël kan vreet nie. Maar môreoggend sal Hy koning Darius hierheen laat kom en dan sal die koning sien dat Daniël bewaar is en besef dat daar net een ware God is. Die skelms wat vir Daniël gevang het, omdat hulle op hom jaloers was, sal beslis daarvoor boet en in sy plek hier ingegooi word!”

Die hele nag het die engel en Daniël vir Lukas en sy vriende stories vertel, sodat hulle glad nie eens meer aan hul honger mae gedink het nie.

Die volgende oggend het alles net so gebeur soos die engel gesê het! Selfs Lukas-hulle het besef daar is waarlik net een God! En koning Darius het nóg ‘n wet uitgevaardig – dié keer dat almal net die God van die Israëliete mag aanbid!

Geskryf deur *Duimelita*

(Julle kan die storie van Daniël in die Ou Testament van die Bybel lees – Daniël 6)